Bylaag A

Samestelling Moderatuur Noordelike Sinode

Die huidige bepaling (32.2.9) in die Kerkorde van die Noordelike Sinode wat oor die samestelling van die moderatuur handel lui soos volg: "Die moderatuur word saamgestel uit die moderator, assessor, aktuarius, vyf addisionele lede, asook die sinode se predikant in sinodale diens van die sinode (adviserend) wat ampshalwe as skriba optree en die saakgelastigde van die sinode (adviserend)."

Na aanleiding van die besluite wat tydens die Sinode van 2012 geneem is rakende die sinodale bestuursmodel en die werkwyse van die moderatuur in die afgelope vier jaar het dit geblyk dat die moderatuur meer koste-effektief kan funksioneer. Die goedgekeurde werkswyse van die Noordelike sinode se bestuursmodel is dat die SDR die enigste regsliggaam is wat in die reses tussen sinodesittings die werk van die Sinode bepaal. In die SDR word ringe vertrou om 'n verteenwoordigende samestelling te reflekteer. Deel van die direkteur se opdrag is om so wyd as moontlik deur die taakspanne die gawes van verskillende lede van die Noordelike Sinode te benut. Taakspanleiers doen deur 'n proses wat deur die direkteur en die moderatuur bestuur word, aan die SDR verantwoording oor die werk aan hulle opgedra.

In die lig van die prioritisering van die werksaamhede van die Sinode en die druk op die begroting is die moderatuur van oordeel dat die samestelling van die moderatuur gewysig kan word om minder druk op die bronne van die Sinode te plaas. Die groslys vir die samestelling van die moderatuur is alle lede van die Sinode.

AANBEVELING:
Die Sinode besluit dat die samestelling van die moderatuur gewys word om soos volg te lui:
***Volgens Bepaling 32.2.9 saamgestel uit die moderator, assessor, aktuarius, direkteur, twee addisionele lede en die saakgelastigde van die sinode (adviserend). Persone kan met goedkeuring van die SDR en op aanbeveling van die moderatuur vir 'n spesifieke taak of tydperk gekoöpteer word indien die bedryfsvereistes daarna vra*.**